Dalene se plek

Uit Dalene Matthee se pen het het die Knysnabos vir ons lewe gekry. Ons het saam met Saul Barnard en Oupoot Kringe in 'n Bos se bospaadjies geloop. Ons het die barre bosmense van Fiela se Kind leer ken. En ons het Silas Miggel se wêreld in Moerbeibos beleef. Daarna het ons Karoliena Kapp van Toorbos se hunkering na die bos probeer begryp.

Dalene se grootse passie vir die Bos, soos sy daarna verwys het, het haar 'n bekroonde skrywer gemaak. Dit is daarom gepas dat die Bos haar nou vereer met 'n gedenksteen en laaste rusplek. Die Knysnabos was vir haar nie net 'n plek waar sy haar stories gaan kry het nie, maar waar sy vrede gaan soek het. Waar haar ryk verbeelding loop kon kry. Waar haar muse gewoon het. Haar ma het 'n baie spesiale verhouding met die Bos gehad, vertel Hilary Matthee, jongste dogter van die skrywer wat drie jaar gelede so 'n groot leemte in ons letterkunde met haar afsterwe gelaat het.

"Sy het dikwels na die Bos gegaan om te gaan herlaai en om die wonders van die Bos te aanskou. Sy het ons dikwels omgekoop om haar op 'n Sondag na die Bos te neem."
Die Bos is die plek waar sy op haar gelukkigste was. Dit is waar sy feetjies gesien het, 'n voëltjie se vlug kon volg en lelies kon bewonder. Dit was haar inspirasieplek.

Dalene het altyd gesê mens kan nie met die verkeerde gesindheid na Die Bos gaan nie. Sy het die Bos respekteer.
"Sy het altyd eers die Bos se toestemming gevra voor sy kon gaan kuier.
Toe Katinka Heyns die rolprent Fiela se kind in die bos wou maak, het Dalene eers vir Heyns aan die Knysnabos gaan voorstel en die Bos se toestemming gevra of hulle dit maar mag doen."
Na Dalene se dood het mnr. Kitto Erasmus, voormalige streeksdirektoraat van omgewingsake, wat Dalene baie gehelp het tydens haar navorsing met Kringe in 'n bos, Fiela se kind en Moerbeibos, aan die Matthee-familie voorgestel dat hulle 'n gedenksteen vir Dalene in haar geliefde Knysnabos oprig.

"Maar dit was baie makliker gesê as gedaan," se Matthee. Sy het van die begin gedink die idee het meriete.
"Dit was 'n lang pad tot hier. Die eerste probleem was wat rig 'n mens op? Ons moes ook vandalisme in gedagte hou. Ons het na honderde idees op die internet gekyk. En op 'n dag het ons die regte een gevind. Die oorspronklike ontwerp was van sandsteen gemaak, maar dit was nie prakties om te gebruik vir 'n gedenksteen nie omdat dit baie poreus is en maklik verbrokkel."
Die familie het plaaslike grafsteenmakers genader, maar hulle kon nie die ontwerp volgens die plan regkry nie.

"Ons het selfs later by 'n maatskappy in Amerika gaan raad vra, maar weer eens was die ontwerp nie reg nie. Met baie draaie en ompaaie het ons uiteindelik by die regte ontwerper uitgekom."
Sy sê die Wildernis Nasionale Parkeraad het hulle baie bygestaan met die projek. Hulle het die aansoek om die gedenksteen in die Knysnabos op te rig verwelkom en ondersteun en uit hulle pad gegaan om dit 'n werklikheid te maak.

"Hulle het 'n paadjie van planke om die gedenksteen aangebring en 'n paar interessante dinge saam met die gedenksteen geïnkorporeer. Die geelhoutboom (Groot Boom) by Krisjan-se-Nek, wat 880 jaar oud is, is pas herdoop na die Dalene Matthee Big Tree (foto bo).
Die gedenksteen is by die boom opgerig. Langs die boom begin die Kringe in 'n Bos/Circles in a Forest-dagstaproete. Dit vorm 'n sirkelroete van 9 km."

Die gedenksteen is deur Dawid Augustyn van J.A. Clift van die Paarl ontwerp en opgerig. Hulle bestaan al vier geslagte lank en was onder meer verantwoordelik vir die oprigting van die Rhodes Memorial in Kaapstad, asook die nuwe Hugenote-monument in Franschhoek.
Die inskripsie op die steen is met die hand gedoen deur die enigste vakman in die Kaap wat dit nog doen: die Italianer Mick D'Quanno.

Die gedenksteen is verlede Saterdag ingehuldig. Dit was vir die familie belangrik om die steen op die 23ste te onthul, omdat 23 Dalene se gelukkige nommer was. Dit is ook na aan 20 Februarie – haar sterfdag.

Dalene se laaste wens was dat haar as by Krisjan-se-Nek in die Knysnabos gestrooi word.
"Dit is waar sy nou rus," sê Matthee.

Hoe om by die gedenksteen te kom
Volg die N2 tussen George en Knysna. Neem die Rheenendal-afdraai 15 km voor Knysna. Volg die roete sowat 20 km tot jy deur Rheenendal is. Net na Rheenendal is daar 'n Bibby's Hoek- en Goudveld-afdraai. Draai regs. Volg die grondpad tot by die vierrigtingstop. Hou reguit aan. Hier begin die bos. Sowat 3 km in die bos in is daar 'n beheer- en betaalpunt. Sowat 1 km van hierdie punt is Krisjan-se-Nek.

Beeld van 4 Maart 2008